

DIE HERRING-INSTITUUT VIR MUSIEK. (Foto's Smith.)

DIE HERRING-MUSEUM

'n Legaat van Groot Waarde

Deur JOH. LUIJT



MNR. HERRING.

OP 17 April is officieel die Herring-Museum geopen—offisieel, want die museum het al omtrent 'n jaar bestaan, maar vir die buitewêreld was dit nog maar min bekend. Die huis waarin die kunskatte ten toon gestel word, dra die naam „Oakdene,” is op Antrimweg, by Heuwelweg, op die grens van Groenpunt en Drieankerbaai. Daar het gewoon mej. Elizabeth Herring, 'n dame wat goed bekend was in musikale kringe. Sy het gelewe vir die kuns. 'n Baie groot voorraad musiek het sy so langsaam versamel, ook kosbare strykinstrumente. Die versameling, met nog 'n aantal kunsvoorwerpe, erfstukke van ouers




'N KAS MET OU MUSIEKINSTRUMENTE WAARONDER 'N KLOTZ-VIOOL.

en voorouers, is met goedkeuring van haar broer, mnr. William Herring, wat nog in lewe is, aan die stad Kaapstad vermaak vir gerief van die algemene publiek. Die huis, met alles wat daarin staan, van kunsvoorwerpe af tot huisraad, het William Herring oorgedra aan, en is aanvaar deur, die stadsraad. Die volgende komiteelede is benoem om die museum in stand te hou. Die Trust is die Burgemeester van Kaapstad, die Voorsitter van die Finansiële Komitee en die Voorsitter van die Parke- en Verbeteringskomitee.


Raadgewende Komitee: die here W. J. Pickerill, dr. Gill en mnr. J. A. Finch. 'n Komitee gekies deur mnr. Herring persoonlik: die here W. E. Ranby, Hanley Clarke en F. A. Gardner.

Deur wyle mej. Herring is 'n som geld beskikbaar gestel vir die instandhouding van die huis met toebehore. 'n Bibliotekaris, wat ook huisbewaarder is, is aangestel om alles te beheer. 'n Groot deel van die inboedel het aan mnr. Herring behoort, „maar my suster het die meeste bygedra en sy het die oorspronklike plan opgevat. Ons het nie erfgename nie, en ons het van die denkbeeld dat al die kunststukke sal moet verkoop word, nie gehou nie”—so vertel hy.

As u die huis „Oakdene” nader, tref uiterlik u niks wat 'n museum verraai nie. Maar reeds die gang van die rustige, kraak-heldere woning getuig van die kunssinnige smaak van die bewoners. Skilderye en voorwerpe van waarde omring u.



DIE BOEKELIOTEEK.



CHIPPENDALE-TAFELGEREEDSKAP.

„Kom u uit 'n musikale gesin?”
vra ons mnr. Herring.

„Ja, my vader was orrelis en het baie gehou van kamermusiek. Die liefde vir die soort kuns het my suster en ek van hom geërf. My suster het die viool en die klavier bespeel; ek het altoos in die strykkwartette alt gespeel. Sedert die dood van Elizabeth het ek maar baie min aan musiek gedoen; ek het my net besiggehou met die reëling van die museum en met die rangskikking van die musiekbiblioteek wat daaraan verbind is.”

„Woon u in hierdie huis?”

„Die huis soos dit staan, behoort nou aan die Stad. In die agterplaas het ek 'n paar kamers laat bou wat ek die naam van Hermietzel gegee het. Na my dood gaan ook dié gedeelte aan die Stad behoort.” Daarna het hy ons rondgelei deur die vertrekke. Eers het ons die museum in oënskou geneem. Dié wat lief is vir antiekwiteite, kan hul hart daar ophaal. Toe ons binnekom, sien ons niks as kaste van glas nie. Al die voorwerpe word

agter of onder glas bewaar. Die antiekwiteite wat ons hier versamel sien, is te veel om op te noem. Ou aardewerk, glaswerk, silwer, goud, diamante, pèrels, 'n ry poppe wat aantrek is in al die nasionale kleredragte van Europa. Hierdie voorwerpe was famieliebesittings gewees.

Toe gaan ons na die musiekkamer — 'n baie groot vertrek, ingerig vir kamermusiekuitvoerings of intieme konserte. In die helfte links aan staan 'n pragtige Blüthner-vleuelklavier, twee gewone klaviere en 'n harmonium; in die ander helfte staan baie maklike stoele wat bestem is vir die gehoor. Die mure van die vertrek is beklee met tjalies en skilderye. Dan volg 'n besoek na die studeerkamer. Ook in hierdie vertrek sien ons 'n klavier. In 'n kas lê drie viole; twee van hulle is baie kosbaar: 'n Amati en 'n

Klotz; ook 'n alt (viola) van die bekende maker Kennedy, 'n violoncel, banjo, ghitaar, ens. Dis die kamer waar altoos kamermusiek geoefen word. Nou kom ons eindelijk in die musiekbiblioteek. Dis die trots van mnr. Herring. Rondom die kamer, teen die mure, is kaste van kaaathout aangebring wat dien om die musiek te bêre. Pragtig gerangskik, elke soort in afsonderlike portefeuljes, en alles is gekatalogiseer. Die voorraad musiek bestaan hoofsaaklik uit orrel-, klavier-, kamermusiek en musiekstrykinstrumente. Dan sien ons twee groot boeke kaste; een is bestem vir partiture van koorwerke, die ander vir boeke van pedagogiese aard en musiekgeskiedenis. Hierdie biblioteek is baie noodsaaklik vir Kaapstad en is vir uitbreiding vatbaar. Musisie wat nie naverwante het wat belang stel in musiek nie, sal 'n goeie daad

verrig indien hulle dit aan die Herring-Museum vermaak.

Ons het ook die Hermietzel besigtig. Dit is kompleet 'n moderne stasiewoning van gemakke voorsien. Die legaat van Elizabeth en William Herring aan die stad Kaapstad is 'n edele daad.

Hoe die kameel water drink.

Dit word gesê dat 'n kameel 15 gelling water in een skoot kan uitsuip, al om die ander dag. As hy suip dan neem hy die hele hoeveelheid water op sonder om eenkeer tussenin asem te haal.

Waarom water raas.

Die geraas wat lopende water maak, en ook die geraas van branders, word byna uitsluitend veroorsaak deur die feit dat daar altyd 'n menigte klein waterblasies gevorm word, en hulle bars dan, en dan maak die gesamentlike opbreking van dié blasies die geraas.

DIE HERRING-MUSEUM

MY BUURMAN AAN DIE LINKERKANT

(Vervolg van bladsy 15.)

Ek het hom daardie selfde middag agter in die tuin opgesoek.

„Ek kom om verskoning vra,” het ek gesê. „Daardie buurvrou van ons wat daar agter onder die bome gebly het, het vanmiddag 'n geheim verklap.”

„Ek wil niks meer van daardie mense hoor nie,” het hy bars geantwoord. „Ek het jou

voorheen al gesê dat jy nie 'n oulap uit my sal kry nie.”

Arme ou buurman aan die linkerkant, het ek gedink, vir my kan jy nie meer op dié wyse mislei nie.


Toe het ek in die oë onder die ruie, woeste winkbroue gekyk. Maar hierdie keer het hulle geen dreigement bevat nie; alleenlik het hulle my gevra, gesmeek om maar liever stil te bly; om nie te sê dat ek iets van die vyftien pond afweet nie.

Ek het toe ook daarvan maar stilgebly en sy bome begin prys.

PROFESSOR IANNASCH OORLEDE





Links:—Prof. Jannasch, die bekende musikleraar van Stellenbosch, is verlede maand oorlede. Ons sien hom hier in die middel van sy koorlede. Om sy skouers is 'n reisdeken wat die koorlede hom op sy verjaarsdag gegee het. (Foto H. de V.) *Regs*:—Madam Oda Slobadskaja, die Russiese operasopraan, het weer in Londen opgetree nadat sy gedurende die Russiese Omwenteling selfs om brood moes sing. (Foto L.N.A.)



Links:—Alexander Glazounov, die wêreldberoemde Russiese komponis (links), wens Walter Damrosch geluk nadat hy 'n orkes in New York gedirigeer het. (Foto *Wide World*.) *Regs*:—Driebeenwedloop op die Assuransie-instituut se sportbyeenkoms onlangs op Houtbaai gehou.

DIE BEGRAFNIS VAN WYLE DS. C. HOFMEYR



Links:—Die begrafnisstoet van wyle ds. C. Hofmeyr, in lewe predikant van Standerton, op pad na die kerk. *Regs*:—Die groot getal motorkarre op die markplein, Standerton, gee 'n idee van die groot skaar teenwoordig by die begrafnis van wyle ds. C. Hofmeyr. (Foto's L. Knobel.)